

Personeelkamer Opening

81. Die Ystersmid

Daar was 'n Ystersmid wat sy hart vir Jesus gegee het. Alhoewel hy meer heilig gelewe het as voorheen was dit asof hy nie geseënd was nie. Inteendeel, vandat hy bekeer is, het dinge net al moeiliker geword, meer probleme en teëspoed, groter verliese en minder kliënte.

Alles wat vir hom kon verkeerd loop het verkeerd gegaan.

Eendag stop daar 'n vriend by hom, wat nie 'n gelowige is nie en praat 'n wyle met hom.

Terwyl hy met hom simpatiseer oor dit wat alles verkeerd loop, sê die vriend:

“Dit is vir my vreemd dat daar soveel teëspoed oor jou pad kom net toe jy besluit het om jou hart vir Jesus te gee en jou te bekeer. Natuurlik, wil ek nie jou geloof in Jesus afbreek of iets nie.

Maar, hier is jy, deur die hulp en genade van God en tog lyk dit of dinge net al slegter met jou gaan. Ek kan nie help om te wonder hoekom dit so is nie.”

Die Ystersmid het nie dadelik geantwoord nie en dit was duidelik dat hy oor dieselfde saak reeds moes gewonder het. Maar, uiteindelik sê hy: “Sien jy die onverwerkte stuk yster wat ek moet verander in 'n perd se skoen? Weet jy wat ek moet doen daarmee? Ek neem 'n stuk yster en plaas dit in die vuur totdat dit rooiwarm is, amper wit van die hitte. Dan slaan ek dit genadeloos met die hamer in die vorm wat ek weet dit moet wees. Dan dompel ek die yster in 'n emmer koue water om dit te temper. Ek maak dit weer rooiwarm en kap dit nog meer met die hamer. Plaas dit weer in die water en so doen ek totdat die perde skoen klaar is.”

“Maar soms vind ek 'n stuk yster wat nie geskik is vir die behandeling nie. Die hitte en die gekap en die koue water is eenvoudig te veel vir die yster. Ek weet nie hoekom dit faal in die proses van smid's werk nie, maar ek weet dat dit nooit 'n goeie perde skoen sal maak nie.”

Die Ystersmid beduie na 'n hoop skroot yster wat naby die deur van die smidswinkel lê.

“Wanneer ek 'n stuk yster kry wat nie die hitte en temper kan deurstaan nie, gooi ek dit op die skroot hoop. Dit sal nooit goed genoeg wees vir enigiets nie.”

Hy gaan voort, “Ek weet dat Jesus my in die vuur van beproewing hou en ek het Sy hamer voel kap op my. Maar ek geen nie om nie, net solank Hy my kan maak wat ek veronderstel is om te wees.

En, te midde van al die swaar kry is my gebed net dit:" GEBED "Vorm my en maak my net soos U wil my Heer. Laat my lei en swaar kry, maar moet my net nie op die skroot hoop gooi nie!.

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.